## Essay

# Die afwesige dog aanwesige mentor: D.J. Opperman en kreatiewe skryfwerk

**Joan Hambidge**

*Poetry is a love affair with language.*
Ottone M. Riccio

## 1. I[1]

We staan allemaal op de schouders van onze voorgangers, onze schaduw valt over hen heen en verbergt hen voor het gezicht van onze tijdgenoten.[2]
– Jo Daan, 1994

Opperman die kanoniseerder, Opperman die digter, Opperman die eerste Afrikaanse postmodernis met *Kuns-mis* (1964), Opperman die kreatiewe begeleier in sy letterkundige laboratorium waar ek indertyd bygesit het, nie as digter nie, maar as jong kritikus. Die invloed van Opperman op my digkuns en my werk as dosent in kreatiewe skryfwerk is onmeetbaar groot.

Daar is al dikwels geskryf oor sy werk in die letterkundige laboratorium en die invloed wat hy op vele digters gehad het soos Lina Spies, Fanie Olivier, Charles Fryer, Rika Cilliers, Marlene van Niekerk, Betsie van Niekerk, e.a. wat hierdie skrywer dan weer terugneem na die rol van die mentor.

Ek debuteer in 1985 met *Hartskrif* en ongelukkig het Opperman nooit my gedigte gelees nie. Ek het hom wel in 1980 besoek, maar my gedigte het eers ná sy dood uitgebloei. Daar was net kortverhale en kritiese werk wat hy van my gelees het. Tog het hy, soos Van Wyk Louw, 'n beduidende invloed op my vorming as digter en kritikus gehad.

Ons sou dan kon verwys na die afwesige/aanwesige mentor: die digter wat deur sy of haar tekste jou kreatiewe skryfwerk beïnvloed. Ek was sy assistent en in toevallige gesprekke het hy 'n vormende invloed gehad op my denke. Hy het my verwys na die digkuns van Wallace Stevens, die groot modernistiese digter. Ek onthou die blou hardebanduitgawe in die Carnegie, en Opperman was toe besig om sý magnum opus *Komas uit 'n bamboesstok* (1979) te skryf. Ek het onder andere Italo Calvino se *Invisible cities* (1972/1974) vir hom uitgeneem wat 'n bepalende invloed het op die struktuur van sy laaste digbundel.

## Die gesprek tussen Marco Polo en Kublai Khan

Calvino se teks beslaan 55 prosaverse oor stede wat as meditasies oor kos, kultuur en gewoontes beskou kan word. Opperman se antwoord op hierdie dertiende-eeuse reisverslag met tyd op alle vlakke en veral verbeelde tyd is hier van belang. Tyd wat siklies verloop:

**Penwortel**

Dit gaan hier net om eerste dinge,
begin my vader sy *Herinneringe*:
Moeder het vertel – ek was nog jonk –
Oupa ly aan kanker van die tong.

In sy geselskap word ek daagliks groot
as getuie van bedienings uit die dood:
hoe hy, omdat hy nie kon praat,
met griffel op 'n lei moes tekens maak.

Toe onse kos nie meer kon binnekom,
het sy oorle moeder hom –
toe daar reeds strepies was van bloed –
met melk en brood van Anderkant gevoed.

Moeder het sy woorde uitgespel
en sy drie susters dit herhaal, indelibel.
Ek mog ook soms sy lei skoon spons,
maar ewig woon sy woorde tussen ons.

Hy het geskryf oor daardie Stad van Goud,
oor Dorings en die Kruis van Doringhout.
By sy begrafnis – selfs van oorkant die rivier,
het almal saamgesing, ook die populier.

Opperman se "Penwortel" aktiveer die skryfproses (indelibel, dus onuitwisbaar) en die digter kyk na die familieverhouding van die stom Oupa tot by die begrafnis. Die dooies sing hier saam met die treurende populier en die spreker huldig die vader se memoir wat die geskiedenis neerskryf van die familie. Siekte (stomheid) word deur die skryfproses opgehef: die griffel op die lei (van die Oupa), die vader

wat alles opteken en die spreker (Opperman) wat sy siektetoestand oorwin het en ’n bundel kon skryf.

Die gedig verwys ook na die verbeelde stad, Vigiti Magna, die hoofstad van die goudland Monomotapa, iewers in Afrika volgens sestiende eeuse kaarte. In *Negester oor Ninevé* (1947) skryf Opperman ’n gedig oor hierdie stad.

Die geskiedenis van Jesus en die metafisiese word in hierdie gedig betrek: van die kruisiging tot ’n Simbool van Geloof. Grootvader, vader en kleinseun (wat in die slot die Vader, Seun en Heilige Gees betrek) vind ons hier. Die Anderkant (die ruimte waar die dooies hul bevind) word simbolies gelaai deur ’n hoofletter. ’n Penwortel (‘taproot’, ‘main root’) is letterlik die belangrikste anker van ’n boom, maar verwys hier ook na die skryfproses.

## maar ewig woon die woord tussen ons

Hierdie gedig uit *Komas uit ’n bamboesstok* word só beantwoord in my bundel *Nomadiese sterre* (2021):

**Bome**

Oor bome, treurende bome, soos ’n wilger,
’n sipres, ’n bloekom op die walle van ’n rivier,
staan opgeteken in die familieboom van my gedigte.
Die jaarringe van my gedigbome verklap
’n lewenshouding van voortvarend tot bloeiend.
Hoe het die lewe my nie blindweg gesnoei nie?
My weerbarstige, selfgerigte takke is afgekap
tot vuurhout vir kritiese en ongevraagde lesers.
Nou is dit net die bome, treurende bome, ’n wilger,
’n sipres, ’n bloekom op die walle van ’n rivier
wat nog staan vóór die finale inspit in ’n dennehoutkis

Die praat van die Anderkant is ’n tema in hierdie bundel waar briewe van die afgestorwe ouers lank na hul vertrek in gedigte verander word:

**Brief van my pa**

Gepos op Sondag 5 Maart 1995,
hierdie brief van my pa in ’n koevert
versend met ’n 50c-seël maak korte mette

van alle aanpaksels róndom ons verbintenis:
jy die vader wat knipsels versend,
my bedank vir moeder se Kaapse besoek ...

"Ek is altyd so bly om jou stem te hoor.
So trots op jou en bid elke dag vir ons almal.
Kyk na *Beeld* se *Kalender* van 2 Maart 1995."

Gelees weer op Maandag 29 Junie 2020,
wonder ek hoé jou gebede nou sou klink
in hierdie tyd van 'n virale oorlog onbeklink?

**Brief van my ma**

**3 Februarie 1996**

Ons beplan om met vakansie te vertrek;
'n duisend dankies vir ál jou ondersteuning.

Hier gaan dit ou stryk; ons lees jou graag.
Pa sal vanaand jou resensies aanstuur

hier uit ons Weltevrede-meenthuis digby
die Vaalrivier met sy groen wilgerbome.

Gelukkig geen oorstromings meer;
Pa werk by die inkomstekantoor

ná sy aftrede en gee raad oor boekhou
en hoe om al die syfers te laat klop.

Saans speel ons brug en weet jy,
hy kan steeds raai wanneer ons bluf.

O voor ek vergeet! Dankie vir die pak
kaarte in Singapore aangekoop en versend.

Die posdiens deesdae uiters traag;
daardie lieflike seël het Pa só behaag.

Die gesprek van die Anderkant in "Penwortel" aktiveer die Freudiaanse Unheimliche, maar ook die wete dat daar 'n verbintenis is tussen die lewendes en reeds vertrekkendes. Snyman (1983: 217) wys in *Mirakel en muse* op die tydsaspek in "Dennebol" waar lewe en gedig stol in 'n *tydlose toestand*. In "Dennebol" (uit *Dolosse*, 1972) se slot lees ons:

> Ek gee aan hom wat rus in die doderyk
> volkome wat die kiepersol betref gelyk.

In hierdie gedig kan dié leser die digter se belangstelling in die paranormale sien wat uiteraard ook in "Penwortel" weer na vore kom. Die werklike digter of mentor word die begeleier en só word geantwoord op sy "Ballade van die grysland" (uit *Negester oor Ninevé* van 1947):

**Ballade van die grysland**

> Die vroegre boere-paradijs
> is nou één molshoop, groot en grijs.
> Totius (*Trekkerswee*)

I

Uit tonnels van die nag tuur ek
oor die landskap van ysterspore,
die vele bundels wat ná u vertrek

hul opwagting maak, die nuwe Edms. OnBpk.
met vele digters en diskoerse,
in die Afrikaanse taal se vele bottelnekke.

Deesdae kap ons slote op die internet,
FaceBook en 'n kollektiewe Versindaba;
die digkuns 'n blote visum by verstek.

Hier is dikwels 'n gezoem om 'n heuningkoek
oor wié mag parlando of katalekteer;
soms word stilte opgeskort; ander kere opgedoek.

Daar is draaisae en gille van polemiek
– sonder om die bundel te lees –
ook herbesoeke met ’n enkele kliek.

Daar word steeds valse syfers neergekrap,
oneerlike resensies uitgekletter,
selfs van ’n eggenoot oor ’n bedmaarskalk.

II

Na tuine van die nag, waar neonligte blom,
moes ek dikwels vlug oor ’n gedig
van ’n herkenbare minnares, ’n liefdesbom.

Maar die vrees as u, die rekenmeester,
nou moes lees of skerp takseer?
Hoeveel van ons sou by u, o leermeester

’n heilige bees, ’n strak negester
of ’n *Joernaal van Jorik* kon prakseer?
“Wees veral versigtig met eendagsterre!”

Die nag breek grou: ‘op tafelblad’
links in my smalle kamer
‘staan leë bottels in hul nat’.

Ek sukkel steeds om hierdie gedig
in balans met u en Totius tuis te bring.
O my vrees wat die kritiek mag aanrig.

III

Die laptop is wit-gevlak en koel
soos die dubbelskots deur my vloei …
tot ek die vrees weer lyflik voel.

O as u, die rekenmeester kom,
wat sal u maak van hierdie pastiche?
Ek erken my reëls uit u bron

in die onthouboek, digterlike dinamika:
die ware digter, so leer u ons,
weet geen snars van metafisika.

"En metafiksie?", wou ek vra?
Die tralies wat hierdie vers omsluit
– huldeblyk gewis en waar, ja –

laat my krukkig gryp na 'n psigoanalise:
Lacan en Žižek, daardie ou spoegbek,
óm en óm . . . die dun spil van die siel.

(Hambidge, 2014)

En die volgende antwoord is geskryf op Opperman se "Met apologie" (*Kuns-mis*, 1964) en is opgeneem in *Indeks* (2016). In hierdie antwoord word die parodie, pastiche, persiflage en palinode ondersoek. Postmodernistiese stylfigure. Die send-up teenoor die mislukte parodie; die bitsige antwoord teenoor die voltooiing. Inderdaad minder behendig as Opperman se naatlose verse:

**Met groot apologie: 'n Dubbeldoor**

Op 'n Sondagmiddag loop die weduwee Viljee
in swart geklee
met twee kolliehonde langs die see
*D.J. Opperman*

**Johann de Lange**

Op 'n Sondagmiddag so tevree
met my twee katte hooggeteel,
voel ek newelig en momenteel,
die weerlig van meneer Viljee.

**Daniel Hugo**

Met my takelwerk
hier takel daar takel
en woerts op jou merkie
'n lettergreep blerts oor haar skêrtjie

buite grom die honde vir 'n strandjut
oor die wel-en-wee van 'n versmade kut.
oor die wel-en-wee van 'n strandkut.

**Antjie Krog**

Twee honde? Een weduwee?
Aggenee?
Gee een vir die armes
een vir Miesies Viljee
laat ons rykdom verdeel:
Een weduwee plus twee honde
is gewoon uit-byt-ing.

**Lina Spies**

Met my twee brakke,
die Kerk en die Holokaust
slaan ek op my trom
deur die strate van Stellenbom
digby vérgenoeg

verby die Eersterivier
tot by Mentoor se huis om te sien
wie is tuis, Jorik of Kristien?

**T. T. Cloete**

Die honde en die weduwee
in jukstaposisie
met die see

twee honde een weduwee
die hoek van my oog in presisie
'n wiskundige boog

**Breyten Breytenbach**

Op 'n Sondagmiddag boulevardeer
ek met my twee maskers
: Buiteblaf en Binneblaf
langs die Seine weg van die auberge
daardie bôrdienghuis met geel pampoene
in my ma se Wellington.
Om verby la veuve noire,
'n swetende ysterkoei,
teen ontkenning
van die moederspeen te skel.

**Petra Müller**

Sulke brakke verdien
nie die aandag van my oë
en hier moet ek nou
met 'n skoppertjie en besem
opvee, alom die gedagte van geel

**Wilma Stockenström**

Op hierdie Sondagmiddag
aan die Kaap geskryf
is die twee honde saam aan die wandel
langs die see wat guds en borrel.

En ek die weduwee, onunieks
en o so lydsaam, wys my tandjies en verkas.

**Marlene van Niekerk**

O plaas my op ’n kaar
met twee stoetse, troue
kaniene diere
waar ek op my stontol
speel en die stratus
’n stralekrans vorm
om my stootblok.

**Gilbert Gibson**

weduwee; [honde]

ek; [beminuslaaf] u.sal...twee
ek; [beminuslaaf] ... see) honde /
ek; [beminuslaaf] toe.u. DJO
ek; [beminuslaaf] .. soos ... ’n .. slaaf

**Charl-Pierre Naudé**

Apriori
die weduwee
post-partum
die dood van my wewenaar
ja, hy wat beweer
ek kan nie Montesquieu
spel:
ek die dienaar
hy die Heer
en nou net die twee honde
vir wie ek saans so on-filosofies
my twee tent-flappe wys

**Johann Lodewyk Marais**

My ondernemende koning
regeer my met ’n sweep

en behou vanuit die Dood
sy onbarmhartige greep
oor my en ons twee honde,
Canus en Angelicus.

**Danie Marais**

Solank verlange die sweep swaai
oor my wewenaar se verraad
om my te verlaat
stap ek met my twee kollies
Leonard Cohen en Tom Waits
langs die see op patrollie
soms gee ek hul ’n raps-odie op die boud
as hulle wil wegdraf
en my saamsleep as ek verbrou
amper na die buitenste ruim
daar in die verste ver
maar vanaand blaas ek my kop oop
en luister na die songs
waarop ons eens getongsoen het
my ou vryerige Meneer Viljee, die Boss.

**Loftus Marais**

Staan in die algemeen
nader aan my
mevrou Viljee,
’n sex change
by die KFC
kry ek jou by die gewone plek

vir ’n uitbundige C

Die leser moet self besluit waar dit bitsig of speels is . . .

De Lange in ’n kwatryn, Loftus Marais omgekeer in ’n persiflage. Charl-Pierre Naudé se filosofiese aanslag word geparodieer, nes Danie Marais se musiekrubrieke. Gilbert Gibson se taalspel word gedekonstrueer, soos Marlene van Niekerk se spel met taal in Kaar.

Hierdie gedigte is duimnaelsketse. *Duimnaelsketse* (2020) heet ’n bundel kwatryne van De Lange wat ’n “opvolg” is van *Weerlig van die ongeloof* wat in 2011 verskyn het. Hierdie is mini-verse – ’n duimnaelskets is immers ’n vinnige skets sonder korreksie. En ’n mankement wys uiteraard sterker op in so ’n kort gedig. Die titel is egter misleidend, want die digter is wel besig met afgeronde verse, daardie “dinamiek van die gees”, soos wat Opperman, self ’n voortreflike beoefenaar van die kwatryn, opgemerk het in *Standpunte 9.*

Die kriptiese waarneming, sentensieuse en epigrammatiese aard van hierdie gedig, soos Opperman beklemtoon, is alombekend. Ook die gebruik van die “spaarse woord”. Waarneming én kommentaar geregistreer in vier reëls met verskillende rymskemas. I.D. du Plessis, Uys Krige, Opperman, S.J. Pretorius en Daniel Hugo is bekende beoefenaars van hierdie vorm in Afrikaans (kyk Hambidge, 2020).

## II

In *En skielik is dit aand* (2005) staan daar ’n vers wat die invloed van Opperman verder bevestig:

**Wallace Stevens aan Elsie: ’n ongeposte brief**

Geliefde Bo-peep,
muse, leser:
vergeef my die versending van my verse.
Ek weet jy voel
dat die verse net aan ons behoort,
dat ek hierdeur,
met die uitstuur van die verse na ander oë
die heilige kommunie van ons liefde óphef.
Hierdie proses – soos ’n poskaart van die vulkaan –
is self-kommunie, self-gesprek, self-verloëning.
Ek is sakeman én digter, kibbelaar én knoeier;
tog weet niemand van hierdie bedryf
wanneer eise oor ongelukke en versekering

op my finale oordeel, beslissing wag.
Hoe word die glasstukke van 'n ongeluk
nie in 'n derdeparty-eis weggeskryf? Hoe
breekbaar 'n lewe, hoe grusaam die noodlot?
Poësie, 'n gekibbel met die self, kry net lewe
wanneer dit gelees, beoordeel, selfs veroordeel
word deur letterkundige eksekuteurs, weet ek,
'n naweek-digter, 'n wandelaar verby 'n huis
waar iemand toonlere oefen, 'n swart voël sing
in die berkebome. Niks wat nie daar is nie,
en wat ook daar is. Die eenvoud van die alledaagse.
Nie eenmaal nie, maar dertien keer sal ek inkyk,
afloer, opteken, skrap in die winterlandskap
wanneer versreëls soos sneeuvlokkies val,
die ys soos 'n lang baard aan die junipers hang.
Eens het ek daagliks my gedigte na jou gestuur,
net na jou, jou oorgewen, jou deel van my gemaak
in klein linne-kladboeke vol bottende oureole.
Nou wag ons op *Harmonium*, op beoordeling,
op die uitbetaling van 'n andersoortige polis:
ek plaas my gedig soos 'n fles in Tennessee
op 'n heuwel sonder singende voëls . . .

Wallace Stevens (1879–1955) het na homself as 'n naweekdigter verwys. Hierdie gedig aktiveer gesprekke na sy bekendste verse soos "Thirteen Ways of Looking at a Blackbird"[2] en "Anecdote of the Jar"[3]. Die gedig gee 'n gesprek met sy vrou weer. By hierdie modernistiese digter gaan dit om die "craft of poetry". Vir ons doeleindes is dit 'n digter wat ook gesprekke voer met die Anderkant:

**The River of Rivers in Connecticut**

There is a great river this side of Stygia
Before one comes to the first black cataracts
And trees that lack the intelligence of trees.

In that river, far this side of Stygia,
The mere flowing of the water is a gayety,
Flashing and flashing in the sun. On its banks,

No shadow walks. The river is fateful,
Like the last one. But there is no ferryman.
He could not bend against its propelling force.

It is not be seen beneath the appearances
That tell of it. The steeple at Farmington
Stand glistening and Haddam shines and sways.

It is the third commonness with light and air,
A curriculum, a vigor, a local abstraction . . .
Call it, one more, a river, an unnamed flowing,

Space-filled, reflecting the seasons, the folk-lore
Of each of the senses; call it, again and again,
The river that flows nowhere, like a sea.

(Poemhunter.com, 2003)

*Hartskrif* (1985) het ontstaan in New Haven tydens 'n navorsingsbesoek aan die VSA (Desember 1984–Januarie 1985) in die ruimte waar Wallace Stevens sy beroemde "An Ordinary Evening in New Haven" geskryf het:

XII

The poem is the cry of its occasion,
Part of the res itself and not about it.
The poet speaks the poem as it is,

Not as it was: part of the reverberation
Of a windy night as it is, when the marble statues
Are like newspapers blown by the wind. [...]

(The Poetic Quotidian, 2006)

Tydens hierdie besoek het ek Harold Bloom en Geoffrey H. Hartman ontmoet en hul boeiende lesings bygewoon.

Oor Stevens se "Anecdote of the jar" het vele teoretici al 'n analise gemaak, soos Derrida, Bloom, en Barbara Johnson in Imre Salusinszky se bekende *Criticism in Society* van 1987.

"And trees that lack the intelligence of trees", skryf Stevens deur Opperman se "Penwortel" tot in my "Bome". Die gesprek van hier tot aan die Anderkant. In die woorde van 'n teoretikus oor die modernisme, James McFarlane, in *The Mind of Modernism* wat beweer: "Not only literature but all art of the period seemed to be intent on stretching the mind beyond the very limits of human understanding" (1978: 72).

En dis wat die digkuns doen. Die digkuns as revisie (in Harold Bloom se terme) waarin die anatomie van die digkuns (om Marjorie Boulton te betrek) telkens die grein van die stem ondersoek (Roland Barthes).

Opperman, die digterlike mentor het gewaarsku oor die gevare van filosofie. Hierdie digter oortree met teoretiese besinnings en essays oor literêre teorie hierdie waarskuwing.

*Joan Hambidge Emeritus Professor*
*Senior Navorser en Genoot, Universiteit van Kaapstad*

## Bronnelys

**Barthes, Roland.** 1985. *The grain of the voice: Interviews 1962–1980.* Londen: Jonathan Cape.

**Bloom, Harold.** 1982. *Agon: Towards a Theory of Revisionism.* Londen: Oxford University Press.

**Boulton, Marjorie.** 1953. *The anatomy of poetry.* Londen: Routledge & Kegan Paul.

**Calvino, Italo.** 1972(1974). *Invisible cities. (Le città invisibili).* Londen: Harcourt Brace Jovanovich.

**Chetwynd, Tom.** 1982. *A dictionary of symbols.* Londen: Paladin.

**De Lange, Johann.** 2020. *Duimnaelsketse.* Kaapstad: Naledi.

**Eliot. T.S.** 1920. *The Sacred Wood.* Londen: Methuen.

**Grové, A.P.** 1984. (vierde druk). *Woord en wonder.* Pretoria: Nasou.

**Hambidge, Joan.** 1985. *Hartskrif.* Kaapstad: Human & Rousseau.

**Hambidge, Joan.** 2014. Huldiging: DJO 100. Woorde wat weeg. 24 September. http://joanhambidge.blogspot.com/2014/09/huldiging-djo-100.html. (Datum van gebruik: 11 Mei 2022).

**Hambidge, Joan.** 2016. *Indeks.* Kaapstad: Human & Rousseau.

**Hambidge, Joan.** 2005. *En skielik is dit aand.* Pretoria: Protea.

**Hambidge, Joan.** 2020. Resensie: *Die meeste sterre is lankal dood*, *Duimnaelsketse*, en *Oopkardoes* (2020). Woorde wat weeg. 6 September. http://joanhambidge.blogspot.com/2020/09/resensie-die-meeste-sterre-is-lankal.html (Datum van gebruik: 23 Mei 2022).

**Hambidge, Joan.** 2021. *Nomadiese sterre.* Pretoria: Protea.

**Interestingliterature.com.** 2016. A Short Analysis of Wallace Stevens's 'Anecdote of the Jar'. https://interestingliterature.com/2016/08/a-short-analysis-of-wallace-stevenss-anecdote-of-the-jar/ (Datum van gebruik: 21 Mei 2022).

**Jung, C.G.** 1964. *Man and his symbols.* Londen: Dell.

**Kannemeyer, J.C.** 1986. *D.J. Opperman – 'n biografie.* Kaapstad: Human & Rousseau.

**McFarlane, James.** 1978. Modernism: *A Guide to European Literature 1890-1930.* Londen: Penguin.

**Opperman, D.J.** 1987. *Versamelde poësie.* Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

**Paglia, Camille.** 2005. *Break. Blow. Burn.* New York: Pantheon Books.

**Poemhunter.com.** 2003. The River Of Rivers In Connecticut Poem by Wallace Stevens. 3 Januarie. https://www.poemhunter.com/poem/the-river-of-rivers-in-connecticut/. (Datum van gebruik: 21 Mei 2022).

**Poetryfoundation.org.** 2022. Thirteen Ways of Looking at a Blackbird by Wallace Stevens. https://www.poetryfoundation.org/poems/45236/thirteen-ways-of-looking-at-a-blackbird (Datum van gebruik: 21 Mei 2022).

**Riccio, Ottone, M.** 1980. *The intimate art of writing poetry.* Londen: Prentice Hall.

**Salusinszky, Imre.** 1987. *Criticism in Society : interviews with Jacques Derrida, Northrop Frye, Harold Bloom, Geoffrey Hartman, Frank Kermode, Edward Said, Barbara Johnson, Frank Lentricchia and J. Hillis Miller.* Londen: Methuen.

**Shumaker, Wayne.** 1965. *An approach to poetry.* Londen: Prentice Hall.

**Snyman, Henning.** 1983. *Mirakel en muse.* Johannesburg: Perskor.

**Stevens, Wallace.** 1954. *The Collected Poems of Wallace Stevens.* Londen: Alfred A. Knopf.

**The Poetic Quotidian.** 2006. 5 Desember. Wallace Stevens, from "An Ordinary Evening in New Haven. http://thepoeticquotidian.blogspot.com/2006/12/wallace-stevens-from-ordinary-evening.html (Datum van gebruik: 22 Mei 2022).

**Van Rooyen, Ian.** 2009. *A metaphorical characterization of D.J. Opperman's* Komas uit 'n bamboesstok *in terms of relevance theory and the contemporary theory of metaphor.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Universiteit van Kaapstad.

## Note

1. My dank aan my kollega Ian van Rooyen vir al ons gesprekke oor D.J. Opperman en die metafoor. Beide van ons het onder H.J. Snyman studeer, 'n Opperman-kenner.

## 2. Thirteen Ways of Looking at a Blackbird

**I**

Among twenty snowy mountains,
The only moving thing
Was the eye of the blackbird.

**II**

I was of three minds,
Like a tree
In which there are three blackbirds.

**III**

The blackbird whirled in the autumn winds.
It was a small part of the pantomime.

**IV**

A man and a woman
Are one.
A man and a woman and a blackbird
Are one.

**V**

I do not know which to prefer,
The beauty of inflections
Or the beauty of innuendoes,
The blackbird whistling
Or just after.

**VI**

Icicles filled the long window
With barbaric glass.
The shadow of the blackbird
Crossed it, to and fro.
The mood
Traced in the shadow
An indecipherable cause.

**VII**

O thin men of Haddam,
Why do you imagine golden birds?
Do you not see how the blackbird
Walks around the feet
Of the women about you?

**VIII**

I know noble accents
And lucid, inescapable rhythms;
But I know, too,
That the blackbird is involved
In what I know.

**IX**

When the blackbird flew out of sight,
It marked the edge
Of one of many circles.

**X**

At the sight of blackbirds
Flying in a green light,
Even the bawds of euphony
Would cry out sharply.

**XI**

He rode over Connecticut
In a glass coach.
Once, a fear pierced him,
In that he mistook
The shadow of his equipage
For blackbirds.

**XII**

The river is moving.
The blackbird must be flying.

**XIII**

It was evening all afternoon.

It was snowing
And it was going to snow.
The blackbird sat
In the cedar-limbs.

(Poetryfoundation,org, 2022)

3. **Anecdote of the Jar**

I placed a jar in Tennessee,
And round it was, upon a hill.
It made the slovenly wilderness
Surround that hill.

The wilderness rose up to it,
And sprawled around, no longer wild.
The jar was round upon the ground
And tall and of a port in air.

It took dominion everywhere.
The jar was gray and bare.
It did not give of bird or bush,
Like nothing else in Tennessee.

(Interestingliterature.com, 2016)